VOLKSTEM

VRYHEID VOLK VADERLAND

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 1

# STEVE WIL BY TRUMP GAAN PLEIT

**GELD WORD INGESAMEL SODAT STEVE BY TRUMP KAN GAAN PLEIT.**

‘n Organisasie met die naam, Kommando Sorg wat op die been gebring is deur ‘n John Rudman, met die oog op die bekamping van volksmoord op witmense, maak geld



bymekaar om Steve Hofmeyr (hy is ‘n anker in wit geledere volgens Rudman) en Henk van der Graaf, voormalige redakteur van die Afrikaner, voormalige hoofbestuurder van TLU SA, lid van Boere Volksraad, ens., ens., VSA toe te stuur om by Donald Trump te gaan hulp soek .

**Opportunisme:**

Dit het die neiging om verwagtings gaande te maak wat nege uit tien keer in die sand uitloop. Die afgelope nagenoeg vyftig jaar na die sluipmoord op dr. Verwoerd,het die opportunisme van toegee, onderhandelings en saamwerk met internasionale magte, die sogenaamde voordele wat daaruit moes voortspruit, alles in die stof van die nuwe Suid Afrika waar dit vertrap word, laat uitloop!

Die beginsels van beleid wat in ruil vir die opportunistiese dobbelpraktyk van politieke randeiers prysgegee is, is die oorsaak van die Afrikanervolk se benouing van vandag! Om hulp by enige buitelandse moondheid te vra, is om hom in te nooi in jou volk se binnelandse aangeleenthede en daarby ‘n openlike verklaring van ongeloof en onvermoë wat spruit uit verdeeldheid waarmee Trump self sy hande gaan vol hê.

Dit is wel verblydend dat Trump put uit die voorbeeld van ons voormalige Afrikanerleiers se beginselstandpunte en in die openbaar verklaar dat hy dit in Amerika gaan toepas! **Suid Afrika Eerste, was Genl. Hertzog se slagspreuk rondom 1914**, wat geweldige patriotisme onder Afrikaners gaande gemaak het en waarskynlik tot die Nasionale party van 1924 gelei het.

In hierdie uitgawe......

Suid-Afrika van Swartes gesteel?

Die Korruptokrasie van Pik Botha

Nuwejaarsboodskap

Haatspraak

Ook die standpunt van Trump in sy inhuldigingstoespraak:

"From this moment on, it's going to be America First! We will seek friendship and goodwill with the nations of the world ***– but we do so with the understanding that it is the right of all nations to put their own interests first.*** We do not seek to impose our way of life on anyone, but rather to let it shine as an example for everyone to follow."



Dit is juis laasgenoemde beginsel wat Rudman van Trump wil vra om te versaak. Dat ons volk hulp nodig het is onbetwisbaar. Indien ons geloof in God egter dermate getaan het dat ons eerder op Trump wil staatmaak, nouja, dan moet die wat só glo maar weer en nog 'n keer hulle ywer en geld in die sand uitgooi! Ek is oortuig dat Henk en Steve die uitstappie sal geniet!

Terwyl hulle op die vliegtuig sit en jenewers geniet wil ek voorstel dat hulle 'n Bybel by 'n lugwaardin vra en twee Kronieke 20 lees. Die héle hoofstuk! Dit sal goed wees indien elke Afrikaner, die wat daar bydra, maar ook elke ander gelowige die genoemde gedeelte gaan lees en opnuut kragtig versterk word in geloof! Daarna bid u saam met ons en Jósafat en ervaar die waarde van geloof!

# IS SUID-AFRIKA VAN DIE SWARTES GESTEEL?

Dit het tyd geword dat iemand baie hard en duidelik aan die swart politieke "parapleë" en hulle blanke gatkruipers sê dat hulle leuens nie die waarheid en die werklikheid kan of sal verander nie!

Die AVP roep julle tot orde oor die leuens en aansprake gebaseer op die leuens. Aan hulle in besonder maar in die algemeen aan die hele wêreld daar buite wat met hulle saamsing in die koor wat die Afrikanervolk uit sy erfgoed wil uitpraat, daag ons julle uit om te kom bewys dat Suid Afrika nie die Afrikanervolk se erfpand is nie!

Julle is tydelik deur verraad vanuit ons eie Afrikanergeledere in 'n magsposisie geplaas om Suid Afrika op 'n "wettige" wyse te plunder tot rommel status. Die geskiedenis is egter besig om julle bloot te lê vir diegene wat nie bereid was om die lesse van Afrika as riglyn te glo, te aanvaar en daarvolgens die bewese suksesvolle beginsels en beleidsrigtings te volg ten einde die voorspelde verval te kon vermy nie.

> Dit het tyd geword dat iemand baie hard en duidelik aan die swart politieke "parapleë" en hulle blanke gatkruipers sê dat hulle leuens nie die waarheid en die werklikheid kan of sal verander nie! –
> *Danie Varkevisser*

Luister opnuut na mnr. Jaap Marais se bevestiging deur geskiedkundige verhaling van ons aanspraak dat Suid Afrika aan niemand anders behoort as aan die Afrikanervolk nie.

**Riglyn na Vryheid**
Naas die berekende verarming van Afrikaners word hulle volksbewustheid aangeval. Geskiedenis as vak word uit die skoolleerplanne uitgefaseer, sodat nuwe geslagte Afrikaners en ander nie sal kennis dra van die groot rol wat Afrikaners in die ontwikkeling van die land gespeel het nie. En Afrikaners wat meegedoen het aan die verraderlike oorgawe aan die African National

Congress (ANC) en die SA Kommunistiese Party (SAKP), soos prof Willem de Klerk, bevorder die veldtog. Op 'n ATKV-kongres se hy (Beeld, 28 Aug 1999): "Ras, godsdiens en geskiedenis...moet in geen opsig tel nie".

So, die Afrikaners moet hulle hele herkoms verloën hulle Blanke rasse-afkoms, wat hulle grootste onderskeiding van ander rassegroepe is; hulle Protestants Christelike godsdiens, wat hulle onderskei van ander rasse- en kultuurgroepe in Suid-Afrika; en hulle geskiedenis van oorlog en stryd vir hulle vryheid en vaderland.


Willem de Klerk

Dié dinge, sê Willem de Klerk, "moenie tel nie". En dit moet nie tel nie, omdat De Klerk die Afrikaners hulle onderskeiding en volkstrots wil ontneem. Sy aandrang dat geskiedenis "nie moet tel nie", is uiters betekenisvol, want die geskiedenis is 'n volk se geheue, wat aan hom vertel wie hy is en vanwaar hy kom. Daarsonder is 'n volk soos iemand wat aan geheueverlies ly. Dit is waarom Alfred Milner na die Engelse Oorlog gesê het: "*I attach especial importance to history books*". Natuurlik geskiedenisboeke wat nie die Afrikaner Geskiedenis vertel nie.


In die napraat van Milner sê De Klerk ook: "Die begrip 'Afrikaner' en 'Afrikanervolk' is te besmet... Die begrippe moet uitgeskakel word". So, Afrikaners moet volgens hom besmet voel om "Afrikaners" genoem te word; hulle moet skaam wees vir hulle "besmette" volk en, so ook, vir hulleself. Dit is die toppunt van nasionale veragting en selfvernedering. Op die wyse maak De Klerk homself 'n besmetting van die Afrikanervolk.

So, word die onreg teen die Afrikanervolk voortgesit deur 'n Afrikaans-namige persoon wat kruiperig in die guns van die Swart regime wil wees en nader verwant voel aan Swartes met wie hy in die 'tagtigerjare verraderlik in die geheim in Londen gekonkel het, as aan sy eie vader, wyle senator Jan de Klerk.

**Afrikaners: Wie en Wat?**

Wie en wat is die Afrikanervolk wat Willem de Klerk wil wegwens, en wat hy van sy ras, sy godsdiens en sy geskiedenis wil vervreem en met 'n skuldgevoel van "besmetheid" wil laat, om bespot en vertrap te word?

Die eerste feit is dat dit die voorsate van hierdie Afrikanervolk is wat die land aan die wildernis ontworstel het: die Skiereiland, die Boland, die Swartland, Namakwaland, Boesmanland, die Suid-Kaap, die Oos-Kaap, die Karoo; en vandaar noordwaarts en ooswaarts, is die Vrystaat, Noord-Natal, die Oos-Transvaal, die Noord-Transvaal, die Bosveld, die Wes-Transvaal beset en bewoon en bewerk deur Afrikaners as die grondgebied van hul vaderland. Die name van plase: Dwaalboom en Armoedsvlakte; van dorpe: Steynsburg en Ermelo en Steytlerville; van stede: Bloemfontein, Pietermaritzburg, Pretoria getuig daarvan: die land is die land van die Afrikanervolk.


Die sentrale probleem van die Suid-Afrikaanse staatkunde is dat ras en kleur nie maar net "nuanse van pigmentasie" binne een nasie is nie, maar dui op diepgaande historiese verskille en nog dieper genetiese verskille, wat saam sosiale, kulturele en godsdienstige afstand skep wat onoorbrugbaar is.

J. Marais

Berge en riviere, visse en diere, reptiele en voëls, bosse en bome dra onuitwisbaar die stempel van hierdie volk se taal: Langeberg en Drakensberg, Paardeberg en Waterberg; Breërivier en Vaalrivier, Olifantsrivier en Vetrivier; Kabeljou en Dageraad, Stompneus, Steenbras en Snoek; luislang, trapsoetjies en koggelmander; kiewiet en tarentaal, kelkiewyn, gompou en tinktinkie; taaibos en raasblaar, hardekool en kiepersol, huilbos en haak-en-steek.

Die volk se mense het ingegroei in die land, en die land het hulle aan sy aarde geanker. Vir hulle was die land nie 'n grondgebied waarvan die minerale rykdom uitgebuit kon en moes word nie, maar 'n vaderland, waarin hulle duisende myle verwyder was van die met wie hulle in gees en bloed verwant was, en digby vele van wie hulle in gees en bloed duisende myle verwyder was.

Hulle het hulle siel as 'n volk apart gevind in die land. En in 'n intuïtiewe vasbinding aan die land, die naam van die land deel van hulle naam gemaak: Afrikaners.

Dit is die volk wat nou as 'n miskende en verstote "minderheid" moet aanskou hoe in gruwelike onreg hierdie vaderland wat deur hulle opgebou is, geplunder word en verval tot wat die Engelse skrywer, Paul Johnson, noem "'n industriële rommelhoop, beestelik, bloedig en bankrot".

Dit is die volk wat nou as 'n miskende en verstote "minderheid" moet aanskou hoe in gruwelike onreg hierdie vaderland wat deur hulle opgebou is, geplunder word en verval tot wat die Engelse skrywer, Paul Johnson, noem "'n industriële rommelhoop, beestelik, bloedig en bankrot".

Wie daarvoor verantwoordelik is, is nie die wat met 'n beleid van apartheid die land regeer het nie, maar ander rassiges en anderstaliges wat daarna gekom het en met behulp van die hendsoppers en verraaiers van hierdie eeu die land laat verval het tot die multi-kriminele Staats ashoop-in-wording, terwyl 'n klein groepie Swartes op die vet van die aarde leef en 'n klein groepie Blanke geldvrate superrykes geword het en hulle rykdom uit die land neem.

**Stempel van Afrikanervolk**

Die land wat nou so verniel word, is tot die sterkste staat in Afrika gemaak, danksy die Afrikanervolk se wil tot eie volkskap en toewyding aan hulle vaderland. Op elke gebied dra die ontwikkeling en prestasies die stempel van die Afrikanervolk.

In die landbou, algemeen, en in die besonder die wynbou, die graanverbouing, die vrugte kweek en die teel van grootvee en kleinvee, was dit Afrikanerboere wat meestal die ontwikkeling gelei en die prestasies behaal het.

Dit was Afrikaners wat met die transportwaens in die vorige eeu die vervoerdiens verskaf het waarop die mynbou en nywerheid gegrond was. Die spore van Afrikaners se ossewaens is onuitwisbaar in die ontwikkeling van hierdie land ingepers.

Op die kulturele gebied het die volk vermag wat min ander in soortgelyke omstandighede sou kon doen. Hy het 'n eie taal ontwikkel as sy hoogste onderskeiding. Op sigself is dit 'n merkwaardige prestasie. Maar wat die merkwaardigheid verhoog, is dat die taal hom moes handhaaf teen twee sterk gevestigde tale: Hollands en Engels. Nie net het hy daarin geslaag nie, maar gaandeweg die taal ontwikkel tot 'n medium waarin poësie geskryf is wat naas die skoonste in die wêreld kan staan.

Op die gebied van drama en toneelkuns is groot werk gedoen, vanaf die vroeë toneelgeselskappe wat die platteland met baie moeite, maar met onblusbare geesdrif deurreis het, en die eertydse radiodramas, tot die skepping van die groot werk van Van Wyk Louw en Dirk Opperman. Ook Die Stem van Suid-Afrika is 'n Afrikaanse skepping en 'n toonsetting deur 'n Afrikaner. Geen ander groep in Suid-Afrika het iets om daarnaas te stel nie.

Die volk het ook sy eie kerke gestig en ontwikkel vanwaar die Evangelie op 'n eie wyse uitgedra is. Ander Blanke gemeenskappe in Suid-Afrika het nie die drang gehad nie. Hulle was tevrede met die oorsese vorme wat hierheen oorgedra is.
Op die gebied van die onderwys — van die stigting en instandhouding van plaasskole, tot die stigting en uitbouing van Afrikaanse universiteite en die publikasie van

wetenskaplike handboeke, tot later die daarstelling van universiteite vir die ander rasse- en volksgroepe — was dit die Afrikaners wat deur opoffering en toewyding en deur vêrsiendheid beslag gegee het aan 'n opvoedkundige bestel wat in harmonie is met die veelvolkige en veelrassige aard van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Op nywerheidsgebied is die groot ontwikkeling geloods deur die Afrikaanse politieke leiers: genl. Hertzog met Yskor in die twintigerjare, en Sasol, Krygkor, die Raad op Atoomkrag, Foskor deur die Nasionale Party van 1948 tot 1966. Dit het die grondslag gelê vir die ontwikkeling van Suid-Afrika as die industriële reus van Afrika. Die Nywerheidsontwikkeling-korporasie (NOK) is deur die bewind ook tot 'n krag uitgebou.

In die sakewêreld is Volkskas deur Afrikaners gestig en ontwikkel tot 'n groot faktor in die bankwese voordat dit in die latere monopolievorming in ABSA verdwyn het.

My vraag is dan vanoggend waarom die Afrikaner so veragtelik in sy eie oë is? Is dit dalk omdat ons met ‘n skuldgevoel en ‘n gevoel van minderwaardigheid rondloop?

Ander suksesvolle ondernemings soos SANLAM, SANTAM, Nasionale Pers is vanuit die Afrikanervolk geloods en tot groot omvang uitgebou, maar het vervreem geraak van hulle wortels in hulle groter verbintenis aan die georganiseerde geldmag as aan die waardes van hulle volk. Talle ander Afrikaner-ondernemings van kleiner omvang het teen sterk teenstand en met beperkte middels suksesvol gegroei weens die bekwame leiding en bestuur van Afrikaners, waaronder die naam van mnr. WT Marais van Omnia-kunsmis van betekenis is in die geselskap van Afrikaner nasionaliste.

## Die Vryheid Van Die Afrikaner?

*Deur Hannes Ollewagen*

Is dit nie ontstellend om te sien hoe skaam mense is om Afrikaners te wees nie? Gesien in die lig daarvan dat ons allerweë as ‘n Christelike volk beskou word, moet ek die eerste twee gebooie van die Wet van God in herinnering roep.

Wanneer ons die Wet van God in Exodus 20 en Deuteronomium 5 saamlees met Matt. 22 (Die Groot Gebod), word die volgende vir ons baie duidelik:

Ons moet die HERE onse God liefhê met ons hele wese en ons moet Hom volgens Sy voorskrifte dien en uit liefde aan Hom gehoorsaam wees. Ons moet ons naaste liefhê soos wat ons onsself liefhet .

Die argument wat betrekking het oor hoe vêr die kring getrek moet word wat my naaste sal insluit, is ‘n argument vir ‘n ander dag. Wat wel op hierdie stadium onweerlegbaar is, is dat my volksgenote deel vorm van hierdie omskrywing. Dit is derhalwe ‘n opdrag van God dat ek ‘n liefde vir my eie sal hê. Dit wat ek as “my eie” kan beskou, is immers ‘n geskenk van Hom en om dit te verag is derhalwe ‘n gruwel in Sy oë. “Die verstandelose verag sy naaste,” Spreuke 11:12; “Wie sy naaste verag, doen sonde;”

My vraag is dan vanoggend waarom die Afrikaner so veragtelik in sy eie oë is? Is dit dalk omdat ons met ‘n skuldgevoel en ‘n gevoel van minderwaardigheid rondloop? Was dit nie God, die Almagtige, wat ook aan die Afrikaner, soos aan ander volkere, sy afgemete erfdeel aan die Suidpunt van Afrika bepaal en geskenk het nie? “Durf julle dit die HERE vergelde, o dwase en onwyse volk? Is Hý nie jou Vader wat jou geskape het nie; het Hý jou nie gemaak en jou toeberei nie? Dink aan die dae van die ou tyd, let op die jare, van geslag tot geslag; vra jou vader, dat hy jou dit bekend maak; die ou mense, dat hulle jou dit sê. Toe die Allerhoogste aan die nasies ‘n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel.” Deut. 32:6-8. “En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf

bepaalde tye en grense van hulle woonplek vasgestel het," Hand. 17:26.

Die Duitsers het die reg om Duitsland te bewoon en regeer na hul kultuur en wese en só geld dieselfde reël vir die Amerikaners, Australiërs en ander volkere oor die wêreld heen. Wanneer 'n behoudende Afrikaner met 'n besorgde gesindheid oor sy eie volk se toekoms sal navraag doen oor die Afrikaner se deel en toekomsvooruitsig in Suid-Afrika, sal hy op die plek van rassisme beskuldig word. Hy kan ook verwag om toegesnou te word met aanklagte van sogenaamde onregte uit die verlede.

Dit gaan my verstand te bowe dat 'n volk vir só lank met politieke swendelary verkneg kan word. Dit laat by my die vraag ontstaan of die Afrikaner werklik 'n belangstelling en 'n wil het om vry te wees? Is daar 'n vryheidsgees te bespeur in die Afrikaner se siel soos wat daar voorheen 'n vryheidsgees was? Ons moet die term "vryheid" egter mooi verstaan, want vryheid vir die een groep sal noodwendig onderwerping/onderdanigheid vir 'n ander groep beteken, tensy hierdie twee groepe elk op 'n afgemete erfdeel "vry" van mekaar kan leef.

> "Hoe lyk die vryheid wat die Afrikaner vir homself in die vooruitsig stel?"
>
> Hoe lyk die vryheid waarna die Afrikaner verlang? Daardie vryheid wat hy sonder skoot-of-slag prysgegee het? Hoe lyk daardie vryheid waarvoor die gemiddelde Afrikaner nie bereid was om pa te staan nie..........

Ek wil vanoggend 'n verskriklike belangrike vraag opper: "Hoe lyk die vryheid wat die Afrikaner vir homself in die vooruitsig stel?" Hoe lyk die vryheid waarna die Afrikaner verlang? Daardie vryheid wat hy sonder skoot-of-slag prysgegee het? Hoe lyk daardie vryheid waarvoor die gemiddelde Afrikaner nie bereid was om pa te staan nie en nou daarvoor vergeld word deur die verlange na kinders en kleinkinders wat in ander lande na 'n heenkome moet gaan soek - na vryheid moet gaan soek?

Die vryheid wat die Afrikaner voorgehou is deur die sogenaamde verligtes kan sekerlik opgesom word as 'n vryheid om met die wêreld te hoereer. Daar is geywer vir 'n groter "vryheid" om weg te doen met die Woord van God as riglyn en om Sy Gesag op staatkundige gebied te ondermyn. Die deurbraak in hierdie verband vir die verligtes was natuurlik die verwerping van 'n Godvresende Grondwet in 1983. Dit is hierdie soort strewe na vryheid (nl. om God die rug te keer en die wêreld te omhels) wat lynreg in stryd is met die Woord van God se voorskrifte van vryheid vir Sy kinders. "STAAN dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie. Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde." Galasiërs 5:1&13.

Dit is duidelik dat die politieke onderwerping van die Afrikaner onder leiding van verraderlike politici ook as oogmerk gehad het om ons volk sy geestelike vryheid te ontneem. Dit is ironies dat menige leiers van die Afrikanervolk die hand van versoening na die heidendom uitgereik het net soos wat koning Agab (een van die mees goddelose konings van die volk Israel) van Israel gedoen het met sy optrede, soos beskryf in 1 Konings 20:31-43.

Het mense werklik geglo dat die heidendom die Christendom 'n plek sou gun hier aan die Suidpunt van Afrika? Was die aanloklikheid van die sekulêre wêreld met sy Hollywoodse onsedelikheid, sport en kredietkaart-kitsgeld in oorvloed werklik só aanloklik dat feitlik alle oë verblind en ore toegestop is wat die harte laat afstomp het en die gees stilgemaak het?

Ek hoop dat die harde werklikheid van die omvang van die verlies van die Afrikaner se vryheid baie diep in die harte van my geliefde volksgenote sal ingang vind. Die verlies van vryheid om openlik aan God Drie-Enig erkenning te gee in ons land se Grondwet. Die verlies van vryheid om openlik te bely in ons Volkslied dat ons Sy knegte is wat daarna streef om Hom diensbaar te wees en onder Sy

vryheid en beskerming te leef en te bestaan. Die verlies van vryheid om Sy dae tot eer van Sy Naam plegtig na te kom wanneer Sondae, Gelofte dae en Hemelvaartdag openlik misken word. Daardie verlies om ons kinders te onderrig in leerplanne wat gebaseer is op die Woord van God as uitgangspunt.

Wanneer ons die geestelike ongesteldheid van die Afrikanervolk in oënskou neem, besef ons dat ons volk baie swaar verkneg is onder die mag van die heidendom – gevangenes van 'n goddelose samelewing opsoek na bevryding! 'n Volk wat sy geestelike vryheid verloor het. Menslikerwys is dit ongetwyfeld klaarpraat met die vryheid van die Afrikaner. As ons egter hierdie saak nie menslikerwys benader nie, maar deur 'n geloofsoogpunt daarna kyk, sal ons dalk die vryheidson in die gesigseinder sien verrys. "Die HERE is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid." 2 Kor. 3:17.

Wanneer die Afrikaner weer die regte ingesteldheid herwin i.t.v. ons vryheidstrewe, sal ons toekomsvooruitsig in 'n ommesientjie van donker nag na skone daglig verander word. "dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien, in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe." Lukas 1:74&75.

# DIE KORRUPTOKRASIE VAN PIK BOTHA, CONSTAND VILJOEN EN DE KLERK

Uittreksels uit twee onlangse koerantberigte dien as onbetwisbare voorbeelde van die onverpoosde voortgang in die feitlik openlike berowing van Suid Afrika se finansiële en ander bronne, tot die punt waar selfs diegene wat vanjaar se matriekvraestelle moes merk, nie betaal kan word en aan die einde van Januarie, steeds skole is wat nie boeke het om hulle nuwe skooljaar te begin nie.

Eskom dreig om munisipaliteite se kragtoevoer af te sny omdat hulle miljoene rande skuld, die moorde op blankes neem toe in onmenslike wreedheid, die land se infrastruktuur verval en van die "mees moderne democracy" in die wêreld se verbetering op die "euwele" beleid van apartheid, is daar niks, maar niks sigbaar nie.


Die oorsprong van die voortsnellende rampspoed het beslag gekry in die veragtelike en korrupte optrede van Pik Botha, die destydse Minister van Buitelandse sake in sy onderhandelings ten koste van die Afrikanervolk se politieke beheer oor Suidwes en Suid Afrika.



Pik Botha

Sy korrupte en koverte optredes is voortgesit deur Constand Viljoen met behulp van 'n rits ander generaals en weermagoffisiere en afgerond deur FW de Klerk en genote se verraderlike politieke spel met die blanke kieser van Suid Afrika.

'n Korrupte begin wat in momentum feitlik daagliks toeneem met geen politieke vooruitsig vir verbetering ten spyte van al die samesprekings, kommissies van ondersoek of welke vorm van samewerking, toegewings, of selfs afstaan van eiendom en aandeelhouding in dit wat met sweet en opoffering oor jare opgebou is nie. Dit is weereens die oproep van dr. D.F. Malan wat voor die Afrikanervolk kom staan en uitroep: "Keer terug na jou God, keer terug na jou land, keer terug na jouself, Afrikaner!" Hierdie aanhoudende geknoei in die donker, agter geslote deure, in geheime byeenkomste sodat die volk dit net nie moet hoor nie, "want ons tree in hulle beste belang op!" Watter ongelooflike klomp snert!!



Wynand du Toit

Die betekenisvolle titel op die voorblad van Wynand du Toit, (voormalige verkenner), se boek “JUDASBOK, VERRAAD TERWILLE VAN OORLEWING” en die inhoud daarvan wat bevestig wat ons al sedert die moord op dr. Verwoerd verkondig, naamlik dat die Afrikanervolk uit ons land verraai word en verraai is!

**Die AVP roep u op Afrikaner! Kom verenig nou weer soos in dr. Verwoerd se tyd dat ons een van siel en een van sin kan word. Kom help ons herstel aan die verdeelde Afrikaner huis sodat ons weer uit innerlike oortuiging bymekaar kan bring wat by mekaar tuis hoort! Moet u nie verder laat mislei deur “slim” sogenaamde politieke kenners, akademici en predikante wat afwyk van die gebaande suksesvolle weë, wat nou in elke geval deur elke bedreigde inheemse volk in Europa, nagestreef word terwille van beskerming en behoud van identiteit en eie waardestelsels.**

Laat 2017 dié jaar word waarin die Afrikanervolk weer heel word, weg van die korrupte, verknoeide en Godlose nuwe Suid Afrika.

# DONALD TRUMP SE INHULDIGINGSTOESPRAAK

Die inhuldiging van die nuwe Amerikaanse President en sy adjunk, moet bepaald vir die magte van die duisternis ‘n bekommernis wees. Die seremonie het ‘n onbetwisbare Christelike grondslag gehad.

Met ‘n uitgesproke gelowige vise President wat nie skroom om sy geloof in Christus in die openbaar te bely nie en selfs die omstrede Trump wat openlik erkenning gegee het aan die almag van God en die afhanklikheid van die Amerikaanse volk se beskerming van God, dui dit op ‘n grondverskuiwing van beginsels, waardes en sedes in Amerika.


Trump en Pence

Die sekulêre gees binne Amerika wat sedert die laaste wêreldoorlog vanuit Amerika groot dele van die wêreld besoedel het, sal nie in Trump se vier jaar termyn, maklik omgekeer kan word nie. Nietemin is daar sekere van sy uitlatings wat vir die Afrikanervolk in besonder en in die algemeen vir die Republiek van Suid Afrika van veel betekenis is.

*“We will follow two simple rules: Buy American and Hire American. We will seek friendship and goodwill with the nations of the world – but we do so with the understanding that it is the right of all nations to put their own interests first. We do not seek to impose our way of life on anyone, but rather to let it shine as an example for everyone to follow.”*

Dit bots reëlreg met die blatante inmenging van Henry Kissinger en Chester Crocker in Suid Afrika se binnelandse sake wat nie net

ons ellende van vandag tot gevolg gehad het nie, maar ook dié van Suidwes Afrika. .



Henry Kissinger

Die regmatige bestuur en beheer is uit die hande van 'n soewerein-onafhanklike volk in die hande van swart ongelowige terroriste bewerkstellig, tot nadeel van die hele Afrika kontinent.



Chester Crocker

Die voordeel in teenstelling met die waarde van 'n blanke Christelike regering wat die Amerikaners uit hulle skandalige inmenging in Suid Afrika moes kry, is na twintig jaar steeds nie sigbaar nie!

Indien daar met die Amerikaanse regering, deur middel van Donald Trump gepraat wil word, moet dit deur middel van 'n mandaat van die Afrikaner volk geskied deur behoorlik afgevaardigde kundiges oor die sake waarop dit aankom. Beslis nie deur politieke opportuniste wat om hulp gaan pleit vir die oplossing van een van die simptome van die vorige regerings van die VSA se ongevraagde inmenging nie!

'n Mandaat impliseer 50+1. Ons volk se verdeeldheid is huidig 'n verleentheid en negeer elke uitspraak en onderhandeling van welke splintergroep, hoe welmenend dit ook mag wees. Laat ons politieke eenheid op beginsel van Christelike Nasionalisme nastreef en verkry en ophou om ons eens trotse volk nogeens belaglik te maak en ons ballingskap steeds verder te verleng.

Dít is die verantwoordelikheid van elke Afrikaner! Die strewe van die AVP was, is en sal steeds bly om ons hele volk se innerlike politieke oortuiging weer op die beginsel van Suid Afrika Eerste, langs die lyne van Afsonderlike Ontwikkeling, gevestig te kry. Dit was die sukses waarin ons geseënd was en waarvan ons tot ons eie ondergang afgewyk het. Kom sluit by ons aan, kom maak u bydrae in ons stryd om vry te wees en opnuut verenig te wees as 'n volk! Eers dan sal daar weer van ons kennis geneem word.

MATTHÉÜS 12:25 Maar Jesus het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie.

# HAATSPRAAK

Deur Pieter de W. van der Spuy

Die voorgestelde *Prevention and Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill* is nog 'n aflewering in die ANC/SAKP-regime se toenemend diktatoriale optrede. Dit vorm deel van 'n program, die sogenaamde Tweede fase van die Rewolusie, om toenemend beheer uit te oefen oor alle sfere van die samelewing en terselfdertyd kritiek en teenstand teen die regime te elimineer. Die voorgestelde wetsontwerp gaan veel verder as die bekamping van wat normaalweg as sogenaamde "haatmisdade" en "haatspraak" beskou sou word. Volgens klousule 4 van die Wetsontwerp, word die misdaad van haatspraak onder andere gepleeg deur enige sogenaamde "beledigende kommunikasie" (wat ook in die vorm van 'n gebaar of lyftaal kan wees) wat met 'n ander persoon of groep die spot dryf. Die spot moet gebaseer wees op een van 'n aantal eienskappe wat in die wetsontwerp uiteengesit

word soos **ras, geslag, godsdiens, geloof, kultuur, taal, seksuele orientasie en selfs beroep of nering**. Hierdie misdaad is strafbaar met 'n stywe boete en/of drie jaar tronkstraf.




Volgens hierdie absurde bepaling sal vele satiriese werke, soos byvoorbeeld Herman Charles Bosman se Marico-verhale oor rasseverhoudinge, neerkom op die misdaad van haatspraak. Beroepsgrappies oor "skelm" prokureurs en ouditeure sonder persoonlikheid, sal eweneens strafbaar wees as haatspraak!

Die belangrikste oogmerk met die voorgestelde wet is waarskynlik om kritici van die onbevoegdheid en korrupsie binne die ANC/SAKP-regime tot stilswye te inhibeer en intimideer. Opvallend is die wye en vae bewoording van die voorgestelde wet wat regsonsekerheid in die hand werk en die gaping skep vir politieke hof-uitsprake. Die teenstanders van die regime moet in vrees leef vir viktimisasie en kriminele vervolging om sodoende die swye opgelê te word.

Hierdie voorgestelde wetgewing word gebaseer op die Grondwet wat veronderstel is om vryheid van spraak te waarborg. Ons het reeds gesien dat die eiendomsklousule in die Grondwet, soos geïnterpreteer deur die Konstitusionele Hofregters, nie eiendomsreg in Suid-Afrika waarborg nie. Die voorgestelde haatspraak-wetgewing toon dat die kamtige grondwetlike waarborg van vryheid van spraak eweneens nie veel werd is nie.

Die AVP meen die voorgestelde wetgewing is totaal ongevraagd in die lig van die Suid-Afrikaanse gemenereg oor die beskerming van die goeie naam en die eergevoel, asook *crimen iniuria.* Die AVP verwerp die voorgestelde haatspraak-wet as die tipiese gekamoefleerde optrede van 'n kommunistiese regime wat enige kritiek en weerstand as "teen-rewolusioner" beskou en wil onderdruk. Die publiek moet wakker skrik en besef wat die ware aard en doel van die huidige staatkundige bestel is en die gevolge wat dit vir hulle inhou.

# NUWEJAARS-BOODSKAP

Deur Danie Varkevisser

Die jaar 2016 is op vier dae na, afgeloop en 2017 wag reikhalsend op die verandering wat ingelui is met enkele gebeure in 2016. Gebeure wat hoofsaaklik buite die grense van Suid Afrika plaasgevind het, wat ons nie beplan of verwag het nie, maar wat baie seker ook 'n invloed sal hê binne Suid Afrika!




**Die Afrikanervolk in benouing**

Dat die Afrikanervolk na die sluipmoord op dr. Verwoerd in die mees benouende toestand sedert ons volkswording gekom het, met die oorwig van radeloosheid sedert 1994. Dit is nou in 2016, onteenseglik sigbaar duidelik.

Met die toename in geweld, moord, algemene verval en veral die al hoe meer blatante dreigemente wat ons moet aanhoor oor die afneem van ons besit sonder vergoeding, sonder die oënskynlike vermoë van verweer, neig baie van ons volksgenote om moedeloos in vrees te verval.

**Verdeeldheid**

Wat egter tragies is, is die verdeeldheid deur ons Afrikaners wat steeds die Liberale "Afrikaners" se "oplossings" vir ons probleme najaag ten koste van die beginsels wat ons gedra het tot en met die moord op dr. Verwoerd. Met die oog op die gebeure buite ons land se grense wat in wese die Afrikanerleiers sedert 1948 tot 1966 se beginselstandpunte reg bewys, sal dit kranksinnig wees om steeds omstandigheid bo beginsel te stel!

**Internasionale media**

In die internasionale media is daar selfs menings wat verkondig dat 2016 die einde van die wêreld is soos wat ons dit tot nou toe geken het! Die redes wat daarvoor aangevoer word, is hoofsaaklik Donald Trump se oorwinning in die VSA en dan die stemming in Brittanje wat onttrekking uit die Europese Unie tot gevolg gaan hê.

**Verandering terug na Nasionalisme toe!**

In 'n sin stem ek saam dat daar verandering besig is om wêreldwyd plaas te vind. Dit het waarskynlik eerder begin met die onverdedigbare moord op Sadam Husein, die aanvalle in Saudi Arabië en die moord op Gadafi in Libië. Die gevolge daarvan in daardie lande, die veragtelike afskiet van passasiersvliegtuie, die gebeure in die Ukraïne en die Aanslag op Asaad Bashir van Sirië, waar die Imperialiste met allerhande gefabriseerde redes hulle optredes probeer regverdig het, het hulle nou ingehaal!

In Suid Afrika was dit die aanslag op die beginsel van afsonderlike ontwikkeling en die onreg wat daaruit voortgespruit het. Die uitslag van die referendum in Brittanje oor Brexit, die uitslag van die verkiesing in die VSA, die geweldige en onverwagse regse swaai in feitlik elke toonaangewende land se plaaslike en nasionale verkiesings, dui op 'n grondverskuiwing, terug na Nasionalisme toe!

**Kiesers moeg vir bedrog!**

Dit is duidelik dat kiesers moeg is om vir liberale (lees oneerlike) mense te stem wat nadat hulle 'n mandaat van die kieser in 'n sogenaamde demokratiese verkiesing verkry het, die mandaat gebruik om individue, die geldmag, die banke en finansiële instansies en maatskappye se belange te beskerm en te bevorder in teenstelling met die belange van die mense wat vir hulle gestem het!

> Dit is duidelik dat kiesers moeg is om vir liberale (lees oneerlike) mense te stem in 'n sogenaamde demokratiese verkiesing ...

In ons land was Pik Botha en die de Klerkregering sprekende voorbeelde daarvan. Die klimaat is egter besig om vinnig te verander en daarom is die AVP opgewonde oor 2017 wat vir ons voorlê. Behalwe vir die Britte is daar ten minste nog agt lidlande van die 27 lede van die Europese Unie wie se mense ongelukkig is met hulle regerings se lidmaatskap aldaar. Statestiek dui daarop dat hulle ook moontlik in die nabye toekoms kan onttrek. ***Onder hulle is Italië, Frankryk, Swede, België, Pole, Duitsland, Spanje, en Hongarye.***

**Vrees pak Europa**

Die invloed van die EU op hierdie lande se besluitneming, binnelandse sake en handelsooreenkomste het 'n bron van irritasie geword, veral met die asielsoekende vlugtelinge wat deurspek is van ISIS terroriste wat Europa in 'n greep van vrees beet het!

**'n Anker uit God's Woord**

In die lig van wat aan die gebeur is wil ek aan elke Afrikaner dié volgende versekering gee uit God's Woord:

2 Kron 14:9 En Serag, die Kusiet, het teen hulle uitgetrek met **'n leër van 'n miljoen met drie honderd strydwaens**; en hy het gekom tot by Marésa.

2 Kron. 14:10 Toe trek Asa uit hom tegemoet, en hulle het die slagorde opgestel in die dal Sefáta by Marésa.

2 Kron. 14:11 En Asa het die HERE sy God aangeroep en gesê: **HERE, niemand kan help soos U tussen die magtige en die kragtelose nie; help ons, HERE onse God, want op U steun ons, en in u Naam**

**het ons teen hierdie menigte gekom; HERE, U is onse God; laat geen sterfling naas U magtig wees nie.**

2 Kron. 14:12 En **die HERE het die Kusiete voor Asa en Juda verslaan**, en die Kusiete het gevlug.

2 Kron. 14:13 En Asa en die manskappe wat by hom was, het hulle agtervolg tot by Gerar; **en van die Kusiete het soveel geval, dat daar vir hulle geen herstel moontlik was nie;** want hulle was gebreek voor die aangesig van die HERE en voor sy leër. En hulle het 'n baie groot buit geneem;

***Afrikaner,keer terug na ons God. Keer terug na ons volk. Dien die HERE. Wyk af van die kwaad. As u kerk hom besig hou met dit wat die Woord van God afwys, wys dan u kerk tereg! Indien hy volhard, verlaat dan dié vals kerk en skaar u by gelowiges wat bymekaar kom in gehoorsaamheid aan God se Woord en kyk hoe Hy ons weer soos in die verlede met sterke arm uitred en vry maak wanneer ons die eer van die oorwinning aan Hom gee!***

**Numerie 6:27**

**EN die HERE het met Moses gespreek en gesê:** 23 Spreek met Aäron en sy seuns en sê: So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: 24 ***Die HERE sal jou seën en jou behoed; 25 die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; 26 die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.***

**27** So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; **en Ék sal hulle seën.**

**SO is my gebed dan vir elkeen van u wat hier lees en dit in sy hart bewaar vir 2017!**

# ETNIESE ONVERDRAAGSAAMHEID

## Ons sleutel tot sukses?

Busisiwe Mkhwebane, die nuwe Publieke Beskermer wat deur Zuma self aanbeveel is, haat skynbaar haar voorganger so intens dat sy gedreig het om Suid Afrika se aanbod as gasheer vir die Afrika Ombuds konferensie te onttrek.

Hoewel die AVP nie Mkhwebane se nasionaliteit kon vasstel nie, is die feit dat Zuma haar self gekies het as Madonsela ('n Swazi) se opvolger, tog betekenisvol. Madonsela wat sedert haar jeug in belang van die ANC opgetree en ook 'n lid was, het volgens die Zoelu kultuur haar grense oorskry deur Zuma teë te gaan.

Die onderlinge onverdraagsaamheid tussen swartes wat nie eensgesind is nie sal nooit ophou nie. Die Afrika wyse vir die beslegting van geskille verskil niks van wat besig is om in Suid Afrika te gebeur nie. Die druipende sarkasme waarmee Bonginkosi Dhlamini deur Mkhwebane afgedank is, is petrol op die sluimerende vuur van politieke magstryd wat alreeds plek-plek sigbaar aan die opvlam is.



Madonsela, Zuma en Mkhwebane

Wat egter steeds die Afrikanervolk se vryheidstryd inhibeer om gereed te wees om ons land terug te neem in die onvermydelike chaos wat voorlê, is enersyds die gebrek aan politieke eensgesindheid en andersyds die gebrek aan geloof! Kyk rondom u Afrikaners, neem waar en verenig in geloof en innerlike politieke oortuiging. Daar is werk om die erwe van ons Vadere vir ons kinders erwe te behou!

Danie Varkevisser 083 460 3302

Francois Muller 083 460 6120

www.afrikanervolksparty.org